# RUILWAARDE.

## *Die Oorlog Nogeens.*

Die ramp wat die Westerse lande getref het—en ek dink hier in die besonder aan ons ou stamland, die Nederlande—word by die dag ook vir ons in die vandaar verafgeleë Suid-Afrika meer en meer 'n skriklike werklikheid, wat die harte laat ineenkrimp by die gedagte aan die dood en die ellende wat tans in westelike Europa heers. Vir ons studie-wêreld word die oorlog ook meer en meer 'n aangrypende werklikheid: hoe meer die oorlog hom uitbrei na die Weste, hoe meer gryp dit in op 'n wêreld waaruit ons geestelik gevoed word. Ons moes alreeds doen sonder alle Duitse lektuur; tans is vir ons ook verlore gegaan alle Nederlandse lektuur. Die Nederlandse ruilnommers, wat gedurende die afgelope weke hier aangeland het, sal seker die laastes wees wat ons, ja vir hoelank?, sal bereik. Daarmee is ongetwyfeld van die waardevolste bronne van informasie vir ons van die toneel verdwyn: tot dusver het die ruilnommers baie ongereeld aangekom, maar tans sal ons alleen verlangend kan uitsien na die herstel van ons verbindinge met ons stamland. Watter ontsaglike voorreg het ons nie hier in Suid-Afrika nie! Al wat ons verloor het, is maar nog net geestelike voedsel, maar wat het die mense daar ver reeds al moes prysgee: lewe en eiendom!

Die oorlog word nou al so 'n monster-gevaarte dat mens vir min dinge nog veel belangstelling het: gelukkig dat mens nog wat het om te doen. In verband met die ramp wat die Nederlande getref het—en ons harte bloei almal vir die land en sy volk—is dit tog van waarde om 'n kykie te kry agter die skerme: een van die belangrikste openbaringe is die vervat in „De Dietsche Gedachte van April 1940. Daar word gewys op die gevare vir die Nederlande van 'n toenadering met België, wat sterk anti-Duits was en is.

Oor die oorlog bring ons Ruilnommers die keer etlike baie belangrike bydraes. Ek wys net op die volgende: D. Lategan: „Christendom en Oorlog" in „Die Geref.Vaandel" (Maart) en in dieselfde blad en uitgawe: W. S. Conradie „Die Christen en die oorlog", oor watter onderwerp F. E. Geldenhuys in „Die Kerkbode" (27 Maart en verder) skryf. Dr. E. E. van Rooyen skryf in „Die Geref.Vaandel" (April) oor „Roosevelt se pogings tot vrede." Besonder simpatiek is ook C. Bouma se artikel in „The Calvin Forum" (Maart): "Clouds over Holland."

* * *

## *Ruilnommers.*
## *„Volkswelstand."*

Dit is 'n nuwe blad wat aan ons gestuur is. Die eerste uitgawe het reeds in September 1939 verskyn, maar ek het eers die derde uitgawe (van Maart 1940) ontvang. Dit is die amptelike orgaan van die „Instituut vir Volkswelstand" wat na die ekonomiese Volkskongres in Bloemfontein (Okt. 1939) tot stand gekom het. Dit is ook gelyktydig die orgaan van die „Nasionale Instituut vir Opvoeding en Onderwys," wat as gevolg van die Volkskongres oor C.N.O. (Julie 1939) tot stand gekom het. Dit is 'n blad wat kwartaalliks verskyn en uitgegee word deur die „F.A.K.," Posbus 8711, Johannesburg. Die intekenprys is 6/- per jaar. Dit is 'n blad wat in die huis van elke ontwikkelde Afrikaner behoort te wees: in alle geval alle „Koers"-lesers behoort ook hierop in

te teken. Die drie nummers bevat waardevolle stof, en die bydraes is almal van 'n hoë gehalte.

* * *

✓ *„Kort en Goed.”*

Van hierdie handige en nuttige Afrikaanse "Reader's Digest" het ons weer die Maart- en die April-uitgawes ontvang. Vir spaarmomente ken ek geen bruikbaarder Afrikaanse blad nie: dit bevat die beste artikels uit die beste Tydskrifte in beste Afrikaans oorgesit vir almal wat iets meer wil weet. Dit verskyn maandeliks en kos 15/- per jaar, verkrybaar by „Die Afrikaanse Pers," Bepk., Pleinstraat 3, Johannesburg.

* * *

✓ *„Ons Eie Boek.”*

Hierdie Afrikaanse Boekegids onder redaksie van François Malherbe—intekenprys 6/- per jaar vir 4 nummers by „Die Administrasie," Posbus 30, Kaapstad—gaan nog steeds van krag tot krag voort. Die uitgawe van Maart 1940 is nie net mooi van buite nie maar nog mooier van binne. Daar is tans drie goed-geredigeerde rubrieke: (1) Van Skrywers en Boeke, (2) Kritiese Bulletin" en (3) Studies in die Letterkunde. Die besit van die publikasies is vir die ontwikkelde leser onmisbaar.

* * *

✓ *Kerk en Godsdiens.*

Indrukke van Sinodes vorm 'n belangrike deel van die inhoud van ons Ruilnommers. Prof. S. du Toit gaan in „Die Kerkblad" (19 April, 5 Mei) nog voort met sy mededelinge oor die Nederlandse Sinode van Sneek (1939), terwyl in „Die Kerkbode" (17 April tot 8 Mei) Ds. B. Marais en andere indrukke gee oor die „Neëntiende Sinode" van die Transvaalse N.G. Kerk, en Ds. G. N. P. Cloete in „Die Geref. Vaandel" (Maart) dit het oor „Die Sinode en die Teol. Fakulteit". In „Die Voorligter" (April en Mei) skryf Dr. D. J. Keet oor „Die ontstaan van ons Teol. opleiding in Kaapland en Transvaal." Twee mooi artikels van Ds. T. N. Hanekom oor „Die Kategismus van Calvyn" verskyn in „Die Geref. Vaandel" (Maart en April). Met vrug kan mens ook lees in „The Calvin Forum" (April) 'n studie van H. K. Mack oor „The Challenge of the Reformed Faith." 'n Breedvoerige, nie-Calvinistiese artikel oor „Het Offer" deur Dr. L. J. van Holk is opgeneem in „Het Kouter" van Februarie.

* * *

*Wysbegeerte en Sielkunde.*

Ons twee Nederlandse Ruilnommers op die gebiede het seker hul laaste verskyning hier gemaak. „Philosophia Reformata" (1 kwartaal 1940) behou sy hoë peil. Dit bevat twee eerste-artikels: die een in Duits deur Dr. J. Bohatec oor „Gesag en Vryheid in die denke van Calvyn," en die ander deur Dr. K. J. Popma oor „Oudheidswaardering in die Oudheid," terwyl onder die boekbesprekinge 'n belangrike kritiek gelewer word deur Dr. C. van Til oor die proefskrif van Dr. F. J. M. Potgieter: „Die verhouding tussen die Teologie en die Filosofie by Calvyn."

Die April-uitgawe van „Nederlandsch Tijdschrift voor Psijchologie" bring soos gewoonlik goeie maar nie prinsipieel-Calvinistiese lektuur: Dr. E. A. D. Carp „Depressietoestanden bij kinderen in de prae-puberteit," Dr. P. H. Esser „Leidende gedachten bij de moderne behandeling van zielszieken" en A. C. R. de Mooy: „Andere richtlijnen in de diagnostiek der Clinische Kinderpsijchiatrie."

Die volgende artikels in ander tydskrifte pas by die voorgaande: P. de B. Kock oor „Die Christelike Wetenskap" in „Die Geref. Vaandel" (Mrt.);

twee artikels deur A. Hutter en L. van der Zande in „Horizon" (Maart) oor die fundamentele vraag „Wat is de Mensch?" In „Het Kouter" (Maart) skryf Dr. J. M. Burgers iets moois oor „De beteekenis van de wetenschap voor de ontwikkeling der Maatschappij." En uit „The Calvin Forum" moet ek hierdie drie prinsipiële studies hier vermeld: C. Bouma oor die belangrike vraagstuk „Calvinism and Constructive Scholarship" (Febr.), J. de Vries oor „Faith and the Scientist" (Feb.) en C. Jaarsma, wat oor Bavinck se opvoedkunde gepromoveer het, oor „Christian Theism and the scientific method" (Maart).

* * *

## *Sosiale Wetenskappe.*

„Historiese Studies" (Jan. 40) uitgegee aan die Universiteit van Pretoria bevat enkele breër studies as die vorige uitgawes. Ek wys veral op: F. C. L. Bosman oor „Die invloed van die Hugenote op die Afrikaanse Volkskarakter en Kultuur," J. Hage oor „Uit 'n briefwisseling van 'n Deense sendeling in Indië met sy vriende van die Kaap" en die slotartikel van J. D. Vorster oor „Burgeroffisiere in Suid-Afrika."

'n Interessante probleem wat in „Die Kerkbode" (27 Maart tot 19 Mei) bespreek word is die oor „Kerklike Koshuise" verbind aan onderwysinstellings. Ds. P. du Toit vervolg nog sy studie oor „Stadswaarts" (Die Kerkbode 20 Maart). Die artikel van J. C. de Korne in „The Calvin Forum" (April) oor „Japanese Aggression and the Christian Conscience" is inderdaad 'n openbaring vir die oningewyde.

Die „Orgaan van die Christelijke Vereeniging van Natuur- en Geneeskundigen in Nederland" (Jg. 1940, Afl. 1) bevat die uiters waardevolle studie van Dr. A. C. Drogendyk oor „Sterilisatie als eugenetische Maatregel": dit is geskryf deur 'n Calvinistiese medikus in Nederland.

* * *

## *Onderwys en Opvoeding.*

In „Die Geref. Vaandel" (April) skryf F. van Niekerk iets moois oor „Calvyn en die opvoeding in Genéve." Prof. J. de W. Keyter publiseer in „Die Kerkbode" (20 Maart, 10 April) twee waardevolle artikels oor „Opvoeding en die moderne Ouers" en „Opvoeding en Gesin"—met plesier gelees! In „Het Kouter" (Feb.) vind ons 'n interessante studie oor „De positie der openbare Lagere School voor ons volk in heden en toekomst."

„Paedagogische Studien" (Maart en April) bevat soos gewoonlik goed-opgestelde artikels oor onderwysvraagstukke, nie geskryf van ons eie standpunt nie. Ek noem net die volgende: J. P. Dnijverman: „Strijdvragen en vraagpunten in het Staatswetenschappelijk Middelbaar Onderwijs" (Maart) en J. A. Meijers: „Het Lager Onderwijs in Frankrijk" (April). Prinsipieel meer simpatiek is die artikels in „Paed. Tijdschrift." Die volgende mag genoem word: J. Waterink: „Taal op de Lagere School" (Maart en April), S. Visser: „De Opkomst van die idee ener neutrale staatsschool" (Maart), J. Tigchelaar: „Moeilijke Ouders" (Maart en April), en Dr. A. de Fouw: „Het verband tussen locale en Vaderlandsche Geschiedenis" (April). Mag ek tussen hakies net die aandag vestig op 'n uiters interessante bespreking in „Paed. Tijdschrift" (April, bl. 372-382) deur Dr. A. Kuijpers van 'n artikel wat ek geskryf het in „Philosophia Reformata" (Jg. III, afl. 3) oor „Die Psigologie as Vakwetenskap." Uit „Onderwijsblad" (voorheen „Die Christ. Skoolblad") mag ek ten slotte noem: P. C. Oosthuizen: „Huisbesoek I" (Apr.), J. P.

Smuts: „Opvoedk. Mymeringe v.v." (Apr.), B. F. Nel „Waarom die Afrikaner voorkeur gee aan die enkelmediumskool in die parallel-mediumskool veroordeel" (Mei).

* * *

## *„Op die Horison."*

Kwartaalblad van die Nederduits Geref. Kerk in Suid-Afrika in verband met die sending en verwante vraagstukke gaan vanaf Maart 1940 vir sy tweede jaargang in. Ook hierdie uitgawe is getrou aan die beleid: „die sending en verwante vraagstukke." Die uitgawe is vol waardevolle artikels w.o. ek net wil uitkies: W. J. van der Merwe: „Geestelike Leiding op die Sendingveld."

J. CHR. COETZEE.